# Redaksioneel

Die feit dat 'n nommer van *Koers* aan Johan van der Vyver opgedra is, het voortgespruit uit verskeie oorwegings. Etlike van sy kollegas was gretig om 'n gedenkbundel van die een of ander aard aan hom op te dra. Ook is Johan van der Vyver vir jare al 'n oorsese medewerker van die Redaksie. Met hierdie nommer kan sowel Van der Vyver se kollegas as die Redaksie dus hul waardering vir Van der Vyver se akademiese insette betuig.

Binne die wyer raamwerk van *Koers* en dit waarvoor hierdie tydskrif staan, naamlik prinsipiële en grondliggende besinning oor die hele spektrum van akademiese kwessies, het Van der Vyver se stem ook deurgeklink. Dit was naamlik in *Koers* dat Van der Vyver vir die eerste keer uitvoerig oor die Aristoteliese begrip van geregtigheid geskryf het (kyk die eerste artikel van L.M. du Plessis in hierdie verband). In sy besinning oor die geregtigheidsbegrip van Aristoteles gee Van der Vyver aan die denklyn van 'n antieke filosoof eietydse relevansie. En miskien juis op grond van hierdie dimensie van relevansie vir die eie tyd is Van der Vyver se navorsing van belang: hy het hom reeds jare gelede beywer vir die erkenning van menswaardigheid en regverdige behandeling – aspekte wat juis in die huidige tyd in Suid-Afrika duideliker gestalte kry. Fasette van Van der Vyver se standpuntinname oor bogenoemde aspek word aangeraak in etlike artikels in hierdie nommer.

Hierdie huldigingsbundel het dus, benewens besinnende artikels (L.M. du Plessis, F. Venter, J. Witte, D.H. van Zyl, C.J. Reid) ook artikels geplaas oor die praktiese "uitlopers" van die getransformeerde regverdiger Suid-Afrikaanse werklikheid waarvan onder andere Van der Vyver 'n voorstander was/is. Vandaar bydraes oor onder andere die gevolge van konstitusionalisme en die interpretasie van wetstekste, staatsgrond en die Grondwet, grondbesitbeleid, die rol en toekoms van tradisionele leiers in die nuwe Suid-Afrikaanse bestel, die verskuiwende ontwikkelingsparadigma en die implikasie van 'n morele en wetlike verpligting ten opsigte van sosio-ekonomiese ontwikkeling (L.M. du Plessis, T.J. Kruger, A.J. Van der Walt, W. du Plessis, T. Scheepers). Die artikels van C. Rautenbach en H. Berman *et al.* is vir publikasie aanvaar binne die breër raamwerk van die regswetenskap.

Saamgevat: hierdie huldigingsnommer is die saamvoeging van die waardering, besinning (en welwillende kritiek) van kollegas, vakgenote en oudstudente wat

op 'n konkrete manier aandui dat die akademiese werk van Johan van der Vyver 'n impak op die tyd gehad het.

Vir die Redaksie van Koers is hierdie bundeling 'n mylpaalnommer – mag dit 'n waardige geskenk wees aan Johan van der Vyver in sy 65 ste jaar!

Ons dank aan prof. Lourens du Plessis (Fakulteit Regte: Stellenbosch) en prof. Ig Vorster (Fakulteit Regte: Potchefstroomse Universiteit vir CHO) wat as gasredakteurs opgetree het. Baie dankie ook aan die keurders wat die artikels beoordeel het binne die riglyne van die normale keuringsprosedure van *Koers*.

**Mariana Venter**

Redaksie: *Koers*